# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

# MCur Kliniese Spesialiseringsrigtings (10251151)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 2 jaar |

## Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies, is minstens ’n Baccalaureusgraad in Verpleegkunde ’n vereiste, **asook** volgens die diskresie van die departementshoof, ’n toepaslike ná-basiese kwalifikasie. Die magistergraad kan slegs toegeken word in die studierigting waarin die voorafgaande graad of gelykwaardige kwalifikasie verwerf is.

## Eksamens en slaagvereistes

'n Finale punt van minstens 50% word vereis in beide VNM 800 en die verhandeling ten einde aan al die vereistes vir die graad te kan voldoen.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat minstens 75% in die verhandeling behaal het.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.